

OPNAME OOR LANDBOUSAKE- INNOVERING 2016 - 2018



VIR 'N MEER INNOVERENDE SUID-AFRIKA

*BOERDERY, BOSBOU EN DIE VISSERSBEDRYF INGESLUIT





“Mislukking is hier 'n opsie.
As dinge nie misluk nie,
innoveer jy nie genoeg nie.”

Elon Musk

Uitvinder, Entrepreneur, HUB

Of jy nou pas begin het, verbeter, of volstoom vooruit streef, innovering is die kreatiewe krag wat die toekomstige sukses van alle firmas aandryf. Dit kan ook help om gemeenskappe, stede en lande te bou.

Regoor die wêreld is regerings aan die voorpunt van pogings om innovering in hulle ekonomieë te meet. Waarom? Want dit is deur samewerking *met* ondernemings en vernuers dat hulle kan uitwerk watter beleide help of waar verbetering nodig is. Innoveringsdata is noodsaaklik vir 'n meer innoverende Suid-Afrika.

Suid-Afrika se eerste Opname oor Landbousake-innovering, wat die tydperk 2016 tot 2018 dek, sal die innoveringsaktiwiteite in 1 690 landboufirmas ondersoek — van klein tot baie groot en regoor 'n verskeidenheid landbousubsektore. Net soos 'n maatskappy se finansiële state 'n noodsaaklike werktuig vir die monitering en beplanning van prestasie is, sal die Opname oor Landbousake-innovering 'n nasionale prentjie skets oor watter innoverings aan die gang is, hoe dit in firmas plaasvind, en wat gedoen kan word om innoveringskapasiteit in hierdie uiters belangrike sektor te vergroot.

U deelname tel.



Dr Moses Sithole
Navorsingsdirekteur
Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders

[Foto: S. Khan, HSRC]



Cheryl Heinamann

Projekbestuurder vir Sake-innoveringsopnames
Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders

[Foto: S. Khan, HSRC]

Die storie van die Suid-Afrikaanse Opname oor Sake-innovering

Doeltreffende beleidsvorming en besluitneming vereis bewyse van hoë gehalte. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT), as 'n vennoot binne die nasionale statistiekstelsel, het die opdrag om toesig oor die insameling van statistiek oor wetenskap, tegnologie en innovering te hou. Die Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing doen nasionale sake-innoveringsopnames namens die DWT. Die Opname oor Landbousake-innovering sal vir die eerste maal in Suid-Afrika nuwe bewyse vir beleidmaking in hierdie kritieke ekonomiese sektor bydra.

Hierdie opnames is gegrond op die aanbevole metodologie soos in die Oslo-handleiding, 'n internasionale handleiding oor beste praktyk, uiteengesit. Opnames vereis 'n groot en toegewyde span veldwerkers, inligtingstegnoloë, data-ontleiers en statistici. Ons maak staat op die tyd en energie van ons respondente om akkurate data betyds te voorsien, sodat die uitslae so gou as moontlik vrygestel kan word.

U samewerking tel.

1ste Opname 1992-1994

Dekking: Vervaardiging

3de Opname 2002-2004

• Dekking: Nywerhede & Dienste (Nasionaal)

5de Opname 2010-2012

• Dekking: Vervaardiging, Groot- & Kleinhandel, Finansiële Bemiddeling, Vervoer, Berging & Kommunikasie

2de Opname 1998-2000

• Dekking: Vervaardiging, Groot- & Kommissiehandel, Vervoer, Berging & Kommunikasie, Finansiële Bemiddeling, Sakedienste

4de Opname 2005-2007

• Dekking: Nywerhede & Dienste (Nasionaal)

6de Opname 2014-2016

• Dekking: Nywerhede & Dienste (Nasionaal)
• Landbou (2016-2018)




STAND VAN INNOVERING IN SUID-AFRIKA* 2007



WAT ONS BEVIND HET: **65,4%** van SA ONDERNEMINGS was **INNOVERINGS-AKTIEF**

DIE GEMIDDELDE ONDERNEMING BESTEE **1.70%** VAN SY OMSET AAN **IINNOVERING**

UITEENSETTING VAN BESTEDING (in miljoene)



TOP 5 EFFEKTE VAN INNOVERING OP SAKEDOELWITTE

- 1** Wyer reeks goedere en dienste
- 2** Beter gehalte van goedere of dienste
- 3** Groter kapasiteit vir produksie of dienslewering
- 4** Betree nuwe markte of groter marktaandeel
- 5** Meer buigsam in produksie of dienslewering

*Bron: Opname vir Sake-innowering (2005-2007). Vir meer inligting, besoek sabizinnovationsurvey.blog

Steun vir innovering in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse regering het 'n verskeidenheid steunmeganismes (finansieel en niefinansieel) bekendgestel om innovering te bevorder. Van innovering in groot firmas tot innovering in klein- en mediumgrootte ondernemings, help hierdie meganismes om dit vir firmas makliker te maak om toegang te kry tot die hulpbronne wat nodig is om hulle produkte en prosesse te verbeter.

U betrokkenheid tel.



Akronieme | DWT = Departement van Wetenskap en Tegnologie, TIA = Tegnologie-innoveringsagentskap, die dti = Departement van Handel en Nywerheid, NNS = Nasionale Navorsingstigting, WNNR = Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, NOK = Nywerheidsontwikkelingskorporasie, DKSO = Departement van Kleinsake-ontwikkeling

STEUNMEGANISME | GASHERINSTELLING(S) | URL

N&O Belastingaansporingsprogram | DWT
 <https://goo.gl/L7Kwwe>

Bedryfsinnoveringsvennootskap (BIV) | DWT
 <https://goo.gl/DvMg1K>

Program vir Bedryfsgerigte Tegnologie en Menslike Hulpbronne (THRIP) | die dti/NNS
 <https://goo.gl/iRLmwp>

Steunprogram vir Industriële Innovering (SPII) | die dti
 <https://goo.gl/D2Lj1C>

Verbeteringsprogram vir Vervaardigingsmededingendheid (VPVM) | die dti/NOK
 <https://goo.gl/QGCZdM>

Tegnologiesiasies | DWT/TIA
 <https://goo.gl/Axa4HD>

DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)

Bied 'n belastingkorting aan om plaaslik-geregistreerde ondernemings aan te moedig om in N&O in Suid-Afrika te belê. Die N&O belastingaansporing is tot die beskikking van alle grootte maatskappye in alle sektore wat N&O onderneem.

Bied medebefondsing om georganiseerde bedryfsvennote in hulle N&O en vernuwingsinisiatiewe te steun. Spelers in die bedryf werk saam en besluit op N&O-programme om hulle mededingendheid te verhoog.

'n Drievoudige vennootskapsprogram van die dti wat samewerking tussen die bedryf en die akademie/wetenskapsrade bevorder en mededingendheid in Suid-Afrikaanse bedrywe deur die opwekking van nuwe tegnologie en vaardighede verbeter.

Bied toelaes aan alle Suid-Afrikaans geregistreerde ondernemings in vervaardiging of dienste, wat deelneem aan vóórkompeterende ontwikkelingsaktiwiteit wat lei tot die kommersialisering van die produk, proses, stelsel of prototipe wat ontwikkel word.

Finansiële steun in die vorm van lenings aan vervaardigingsmaatskappye om hulle mededingendheid te stimuleer en die behoud van werksgeleenthede in die sektor te verseker.

'n Netwerk van 18 sentrums met die jongste toerusting en kundiges op gespesialiseerde gebiede, geleë aan universiteite van tegnologie, om wetenskaps-, ingenieurswese- en tegnologiedienste aan KMMO's en entrepreneurs te lewer vir produkontwikkeling, produkverbetering, prototipe-ontwikkeling en 'n verskeidenheid ander ingenieursdienste.

“Innoveringsgedrewe groei vereis die regte mengsel van multisektor- en multidissiplinêre beleidsaksies. Die uitdaging is om die beleidsoplossings te vind wat die beste werk in die konteks van ’n gegewe land.” **OECD**

STEUNMEGANISME | GASHERINSTELLING(S) | URL

Strategiese Vennootskapsprogram (SPP) | die dti
 <https://goo.gl/Phgvqw>

Saaifonds | DWT/TIA
 <https://goo.gl/Axa4HD>

Tegnologie-ontwikkelingsfonds | DWT/TIA
 <https://goo.gl/Axa4HD>

Kommersialiseringssteunfonds | DWT/TIA
 <https://goo.gl/Axa4HD>

Tegnologie-waagkapitaal | die dti/NOK
 <https://goo.gl/VVUuDr>

Tegnologie-lokaliseringprogram | DWT/WNNR
 <https://goo.gl/M2Htai>

Seda Tegnologieprogram (Stp) | DKSO
 <https://goo.gl/LrTB4p>

DOELWITTE VAN STEUNMEGANISME (KORTLIKS)

Ontwikkel en steun programme of ingrypings wat daarop gemik is om die vervaardigings- en diensleweringse kapasiteit van verskaffers te verbeter, deur skakels na strategiese vennoot-aanbodkettings, industrieë of sektore.

Help navorsers aan instellings van hoër onderrig, wetenskapsrade, tegnologie-entrepreneurs en KMMO's om hulle navorsingsuitsette en idees tot bewys van konsep, ontwikkeling van prototipes en sakeplanne te laat vorder.

Help innoveerders aan instellings van hoër onderrig, wetenskapsrade, KMMO's en nuwe ondernemings om tegnologie langs die innoveringswaardeketting te laat vorder, van bewys van konsep tot prototipering tot tegnologiedemonstrasie.

Voorsien die skakel tussen tegnologie-innoveerders aan instellings van hoër onderrig, wetenskapsrade, KMMO's en nuwe ondernemings, en sake- en beleggingsgeleenthede, en help om innoveerders vir opvolgbefondsing voor te berei, deur beperkte steun vir marktoetsing en -bevestiging.

Bied befondsing en sakesteun aan klein maatskappye oor alle sektore in die vroeë fases van die kommersialisering van innoverende produkte, prosesse en tegnologieë wat die potensiaal het om 'n beduidende impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie te hê.

Vergroot die vermoë van plaaslike vervaardigingsmaatskappye sodat hulle 'n aandeel in herkapitalisasiebeleggings kan verdien en, uiteindelik, as mededingende verskaffers in die Oorspronklike Toerustingvervaardigers (OTV) se wêreldwye aanbodkettings die uitvoermark kan betree.

Bied finansiële en niefinansiële steun aan klein ondernemings deur tegnologie-oordrag, gehalte dienste en sakeontwikkeling.

Opnamebestuurspan

Die Opname oor Landbousake-innovering 2016-2018 word gedoen deur 'n span spesialisnavorsers en -bestuurders met hulle basis in die Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Met die steun van 14 toegewyde navorsingsassistente, is die opnamespan daaraan toegewy om seker te maak dat elke respondente se invul van die opname glad en doeltreffend geskied. Hetsy per telefoon, e-pos of tweet, ons wil van u hoor – en ons sal ons bes doen om so gou as moontlik aandag aan u vraag of opmerking te skenk.

U terugvoer tel.

KONTAK ONS

✉ E-POS:

innovation@hsrc.ac.za

🌐 WEBWERF:

sabizinnovationsurvey.blog



@BizInnovationSA


**Word 'n Vriend van die
Sake-innoveringsopname**

<http://eepurl.com/cZY10n>

[Fotos: S. Khan, HSRC]



Dr. Glenda Kruss
Adjunk- Uitvoerende Direkteur
gkruss@hsrc.ac.za



Dr. Moses Sithole
Navorsingsdirekteur
msithole@hsrc.ac.za



Cheryl Heinemann
Projekbestuurder
cheinamann@hsrc.ac.za



Gerard Ralphs
Voorspraakleier
gralphs@hsrc.ac.za | 021 466 8000



Dr. Yasser Buchana
Opnameprojekbestuurder
ybuchana@hsrc.ac.za



Natasha Saunders
Koördineerder: Innoveringsopnamespulpunt
nsaunders@hsrc.ac.za | 021 466 8000